1 5 JUL 1963
UNIVE... ...BOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

**I.M.S.**
Vol. 1, No. 42

MUNISIPALITEIT MUNICIPALITY

STELLENBOSCH

30 Mei 1963.

## ONGESTELDHEID VAN RAADSLID C. F. SMIT

Met groot besorgdheid het ons kennis geneem van die feit dat Raadslid Smit verlede week 'n paar dae in die hospitaal moes deurbring. Ons verneem dat sy geneesheer hom gelas het om alle vorms van inspanning en vermoeienis te vermy, en die moontlikheid bestaan dus dat hy vir 'n aansienlike termyn nie die Raadvergaderings sal kan bywoon nie. Ons wil opreg vertrou dat sy ongesteldheid nie ernstig is nie en ook van 'n verbygaande aard sal wees. Sy rype ervaring en deeglike kennis van munisipale aangeleenthede is vir ons van onskatbare waarde.

## BEHUISINGSKEMA IDASVALLEI

Na 'n sloer van bykans 18 maande, kan ons met genoeë rapporteer dat daar uiteindelik ooreenkoms bereik is oor die kwessie van 'n bykomende perseel vir 'n laerskool in die omgewing van die nuwe woonbuurt in Idasvallei. Daar sal onthou word dat die betrokke owerhede op een stadium 'n deel van die woonbuurt vir die skool wou opeis, maar hierteen het die Raad hom verset omdat hy nie kans gesien het om sy behuisingskema in te krimp nie. Die Raad het dus 'n ander perseel aangewys maar daarmee was die Onderwysdepartement nie tevrede nie. Nou word daar voorgestel dat sowat 2 morg van die algemene sportterrein in die peerboord vir skooldoeleindes afgesonder word. Die Stadsraad was baie besorg oor

hierdie voorgestelde inkrimping van die algemene sportterrein, maar hy het uiteindelik ingestem om die skema so te aanvaar, inagnemend die feit dat die perseel wat hyself oorspronklik aangewys het, dan wel vir sportdoeleindes beskikbaar sal word. In die totaal sal die beskikbare oppervlakte dus feitlik nie verminder nie. Ek wil vertrou dat die Kleurlinggemeenskap hierdie toedrag van sake sal aanvaar, en ek hoop ook dat ons nou vinniger met die werklike behuisingsprojek sal kan vorder. Die aansoek om 'n lening is alreeds by die Departement Behuising ingedien.

## VERKEERSPROBLEME

Die publiek is stellig daarvan bewus dat die Raad reeds periodiek aandag geskenk het aan die moontlikheid daarvan om Van Riebeeckstraat te verbreed. Ons is ook almal daarvan bewus dat hierdie straat 'n geweldige verkeer moet dra maar die gedagte om dit te verbreed het onmiddellik aansienlike verset uitgelok, veral vir sover dit die gedeelte vanaf Plein- tot by Neethlingstraat betref.

Daar is toe aan die hand gedoen dat die Raad deskundige advies vir die oplossing van sy algemene verkeersprobleme moet inwin, en onderhandelinge word nou in hierdie rigting gevoer. Terloops kan ek egter net aandag daarop vestig dat ons nou in 'n oorgangstadium beland het. Feit is dat die nuwe spoorwegoorgang by Du Toitstasie waarskynlik in die nabye toekoms gebou sal word. Dit sal meebring dat die Raad ook vroegtydig sal voortgaan met die voltooiing van die verlenging van Adam Tasstraat om met Birdstraat en ook die Klapmutspad aan te sluit. Birdstraat in sy geheel is ook op die program van dienste wat binne afsienbare tyd aangepak moet word.

Voorts is daar die nuwe skakelpad tussen die bopunt van Merrimanlaan en die Helshoogtepad wat waarskynlik in die gedrang sal kom sodra die ontwikkeling van Uniepark aangepak word. Laastens is daar nog die skema vir die verlenging

van Blerschstraat oor die rivier om 'n skakel tussen Adam Tasstraat en die Strandpad te skep. Die voltooiing van hierdie projekte moet noodwendig uiteindelik 'n aansienlike uitwerking op die vloei van verkeer hê, maar intussen kan dit van groot nut wees as ons intussen 'n behoorlike opname van die verkeersgewoontes maak.

## AFSONDERLIKE PLAASLIKE BESTURE VIR KLEURLINGGEBIEDE

Die Regering en ook die Provinsiale Administrasie het die beleid aanvaar dat alle pogings aangewend moet word om selfstandige plaaslike besture vir Kleurlinggebiede daar te stel. Onlangs is 'n Ordonnansie en ook regulasies in hierdie verband afgekondig, en die betrokke plaaslike owerhede het nou opdrag ontvang om voort te gaan met die skepping van Advieskomitees bestaande uit verteenwoordigers van die Kleurlinggemeenskap sodat hulle geleidelik in die oplossing heid word verder bespreek by 'n spesiale vergadering wat die van bestuursprobleme opgelei kan word. Hierdie aangeleent-Raad vir 4 Junie 1963 belê het.

---

7th June, 1963.

## THE NEW VOTERS' ROLL

The advertisements prescribed by the Ordinance will be published quite soon. Enquiries can be made at any time at the municipal offices by any person interested as to whether his or her name is one the roll and application forms for enrolment can be completed and lodged at any time.

Occupiers of property valued at not less than R800 who on the 15th March have been in residence at Stellenbosch for six months are entitled to be enrolled.

## THE CARE OF GRAVES AT THE MUNICIPAL CEMETERIES

It is understood that frequent enquiries were being received from persons who wished to make bequests subject

to the condition that the interest would be used exclusively for special maintenance of particular graves.

The Council duly considered this question and came to the conclusion that its policy should be the same as that adopted in other towns, namely to undertake only the general maintenance of grave sites, paths, etc.

It has, therefore, resolved not to accept any conditional endowments which would complicate the administration and bookkeeping.

If any person wishes to have special work done on a particular grave, the municipality could very likely assist, but then each request would have to be considered on its merits and the applicant would have to undertake to pay the costs.

## AWARD OF A PRIZE BY THE S.A. AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS

I was greatly pleased to learn and to announce to the Council that Councillor Dr. J. C. de Wet and Dr. Swanepoel of Potchefstroom had been awarded a prize for their publication on criminal law.

## TIMBER FROM THE MILL AND THE MILL WHEEL

The new owners of the Mill property in Mill Square, previously owned by Mr. Gelb, namely Messrs. O.K Bazaars, have very generously agreed to bear the full and very considerable cost of salvaging the timber as far as it interests the Council and is suitable for restoration work on old buildings. The timber will thus be placed at the disposal of the Council and I would like to take the opportunity of expressing the Council's sincere gratitude and appreciation of this very generous act. I hope that others, when the opportunity arises, will follow this example.

To preserve the mill wheel, which is very large and heavy, is a very difficult problem which will have to be discussed once more.

## PARKS

The proposal to fence in the Jan Marais Park has been left in abeyance for the time being.

The Brummer Park, which forms part of Karindal, has become very popular and it has been decided to provide suitable sanitary conveniences and to fence off the part to the west of the road.

The park which is to be reserved for the exclusive use of Europeans, will be cleaned up.

The question of a caravan site is a vexed one and is being pursued further.

---

14 Junie 1963.

## DIE BURGEMEESTER

Dit spyt my om te moet meld dat ons Burgemeester, rdsl. S. W. J. Liebenberg, 'n vry ernstige operasie in die Volkshospitaal moes ondergaan. Die nuutste tyding is egter goed. Die operasie was geslaag en ek wens die Burgemeester uit naam van die Raad en ons samelewing spoedige en algehele herstel toe, sodat hy sy plek in die Raad gou weer sal kan inneem.

## MUNISIPALE KIESERSLYS

Graag vestig ek die aandag op die amptelike kennisgewing in verband met die nuwe munisipale kieserslys wat in die advertensie-kolomme van hierdie uitgawe van Eikestadnuus verskyn. Inwoners van die dorp hêt binne die volgende veertien dae, dit wel sê tot 28 Junie, die geleentheid om die lys te kom inspekteer by die Munisipale kantoor om seker te maak dat hulle name wel daarop is. Ek wil 'n beroep doen op almal wat in dorpsaangeleenthede belangstel om dit te doen, want indien 'n naam per abuis weggelaat sou wees, en so 'n persoon dien nie 'n aansoek om op te kom in op die voorgeskrewe vorm op of voor 28 Junie nie, is hy sy stemreg kwyt totdat die lys volgende jaar hersien word.

Kortweg gestel is die kwalifikasies vir 'n stemgeregtigde dat hy of sy oor 21 jaar moet wees en sedert 15 Maart 1963 —

(a) die eienaar is van belasbare eiendom binne die munisipaliteit met 'n geskatte waarde van minstens R400; of

(b) die bewoner is van belasbare eiendom binne die munisipaliteit met 'n geskatte waarde van minstens R800, mits hy binne die munisipaliteit woonagtig was of sake gedoen het vir 'n tydperk van 6 maande onmiddellik voor die 15de Maart 1963.

Waar die geregistreerde eienaar saam met sy gade die eiendom bewoon, word die gade as bewoner stemgeregtig. Voorts is daar bepalings ten opsigte van gesamentlike okkupasie en dies meer waarop ek nie hier kan ingaan nie.

Die Hersieningshof vergader op Vrydag, 12 Julie om 10 vm. om sulke aansoeke of besware wat teen 28 Junie ingedien word, te oorweeg vir invoeging of skraping in hierdie jaar se lys.

## DIE BANKETSAALVLOER

Soos die publiek weet, is daar dikwels klagtes ontvang oor die gekraak van hierdie vloer. Net soos in die groot saal, is die vloer oorspronklik op vere geplaas. Die voordeel van 'n vloer op vere kon nie opweeg teen die stoornis van die gekraak nie en die vloere moes deur keile vasgemaak word. As gevolg van oorleg en vernuf is die verbetering in die Banketsaal teen baie geringe koste bewerkstellig.

## S.A.N.T.A.

Ek maak met waardering melding van die gebaar van die Raad van Beheer oor die Idasvallei-sportterreine wat aangebied het om, met goedkeuring van die Stadsraad, die hek-inkomste van die bestaande sportterrein op 1 Junie 1963 aan S.A.N.T.A. oor te dra as hulle bydrae tot die veldtog vir insameling van fondse wat die Vereniging tans voer.

Die Stadsraad is dan ook gewillig om die 25% van die inkomste wat volgens ooreenkoms by hom inbetaal moet word, af te staan sodat dit by die opbrengs gevoeg kan word.

**BOOMAANPLANTING**

Alhoewel die droogte nou eers gebreek is, maak die Raad hom tog klaar om hierdie jaar 'n kwartmiljoen dennebome te laat plant.

**DIE MEULWIEL**

Alhoewel dit tans nog nie moontlik is om oor die uiteindelike lot van die ystermeulwiel op die eiendom van die O.K. Bazaars te beslis nie, het die Raad voorlopig besluit om dit te laat uithaal en op die meulterrein te laat.

W. C. DEMPSEY,

PRO EC. 6/63-6203